higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N5

(6030175)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Kandidate kry 10 minute om die instruksies te lees en deur die vraestel te gaan voordat die eksamen begin.

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE EN TOESIGHOUERS

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	VRAAG 1	PASTEL	80 PUNTE
AFDELING B:	VRAAG 2,3,4 en 5	EXCEL	120 PUNTE
GROOTTOTAAL:			200 PUNTE

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Gebruik Arial of Calibri 12 as font vir sigbladvrae.

5. Daar word DRIE ure toegeken vir die voltooiing van hierdie vraestel. GEEN ekstra tyd sal toegelaat word vir drukwerk NIE.

6. STOOR jou werk GEREELD om te keer dat jy werk verloor in geval van 'n kragonderbreking of rekenaar wat onklaar raak. Toesighouers sal slegs die werklike tyd wat verloor is toestaan indien dit gebeur. GEEN ekstra tyd sal toegelaat word vir werk wat verloor is NIE.

7. Elke antwoord moet op 'n AFSONDERLIKE VEL PAPIER en slegs aan die EEN kant van die papier uitgedruk word.

8. Rangskik die uitdrukke in dieselfde volgorde as dié van die vrae in die vraestel. Punte sal afgetrek word as uitdrukke nie in die regte volgorde is nie.

9. Slegs EEN uitdruk per instruksie mag ingedien word. Indien meer as EEN uitdruk van dieselfde vraag ingedien word, sal slegs die eerste uitdruk nagesien word. Punte sal afgetrek word vir ekstra uitdrukke.

10. Jou EKSAMENNOMMER moet op ALLE uitdrukke gedruk word. GEEN uitdrukke sonder 'n EKSAMENNOMMER of met 'n HANDGESKREWE EKSAMENNOMMER sal nagesien word NIE. MOENIE jou naam en/of van tik nie.

11. Aan die einde van die eksamensessie moet ALLE uitdrukke wat nagesien moet word in die EKSAMENOMSLAG geplaas en by die toesighouer ingedien word. GEEN uitdrukke mag uit die eksamenlokaal geneem word NIE.

Kopiereg voorbehou

12. VRAESTELLE mag NIE uit die eksamenlokaal geneem word nie, maar moet ingehandig word. Ná afloop van AL die eksamensessies mag die VRAESTELLE aan kandidate teruggegee word

13. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat uitdruk of beskikbaar stel of toegang tot ander kandidate se werk hê nie. Enige poging om inligting op enige manier by 'n ander kandidaat te verkry of oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word.

14. Indien 'n kandidaat van een rekenaar na 'n ander moet verskuif tydens die eksamensessie moet die toesighouers 'n verslag opstel om die rede daarvoor te verduidelik. Hierdie verslag moet deur die toesighouer onderteken word en in die kandidaat se eksamenomslag geplaas word. **UITDRUKKE MET VERSKILLENDE WATERMERKE IN DIESELFDE OMSLAG IS ONAANVAARBAAR EN SAL AS 'N ONREËLMATIGHEID BEHANDEL WORD.**

15. Aan die einde van elke eksamensessie moet die toesighouers ALLE antwoorde (Pastel Partner en Excel) van die rekenaars/hardeskywe/netwerk verwyder voordat kandidate vir die volgende sessie in die rekenaarlokaal toegelaat word.

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE INSTRUKSIES VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

TYD- EN PUNTETOEKENNING (SLUIT UITDRUK VAN ANTWOORDE IN)

VRAE	PUNTE	BERAAMDE TYD
AFDELING A: PASTEL PARTNER		
VRAAG 1: 'REPORT WRITER' en begrotings	80	80
AFDELING B: MS EXCEL-SIGBLAD		
VRAAG 2: Ontleding van finansiële state	30	25
VRAAG 3: Finansiële rekeningkundige toepassings	30	25
VRAAG 4: Kosteberekeningstoepassings	30	25
VRAAG 5: Finansiële state	30	25
TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: PASTEL PARTNER

VRAAG 1

Jy is aangestel as die finansiële rekenmeester van DAR Skryfbehoeftes. Jy moet 'n nuwe stel rekeninge skep met behulp van die PASTEL-program.

MOENIE die 'Setup Assistant' gebruik NIE.

1.1 1.1.1 **SKEP 'N NUWE STEL REKENINGE: DAR**

Kies '**File, New'** op die kieslysbalk.

In die '**New Company Name**'-veld: Tik in **DAR**

Kies: '**Start New Company**' uit die lys metodes.

Klik op die '**Create**'-knoppie om 'n nuwe maatskappy te skep.

Skep jou **eie wagwoord** op die '**User Security**'-skerm.

1.1.2 **STEL DIE VOLGENDE IN ONDER DIE '<u>SETUP MENU</u>'-opsie:**

MAATSKAPPYPARAMETERS

Klik in die *'Name'*-veld waar *'<u>Educational Number</u>'* verskyn en druk SHIFT+CTRL+T. Tik **DAR** en jou **EKSAMENNOMMER** in die *'<u>Educational Number</u>'*-veld wat op die subskerm verskyn. **Ontkies** *'<u>Use Multi-Currency</u>'* op die 'Multi-Currency'-oortjie. Klik op **OK**.

1.1.3 '**REPORT WRITER'-KATEGORIEË**

Kode	Beskrywing
1	Kapitaal
2	Niebedryfsbates
3	Bedryfsbates
4	Langtermynlaste
5	Bedryfslaste

Kopiereg voorbehou

1.1.4 **'ENTRY TYPES':** Algemene joernaal (D)

1.1.5 **'TAX (VAT)':**

'General settings', 'Tax system: DO NOT use tax'. Klik op OK.

1.1.6 **'PERIODS': FINANSIËLE JAAR: 1 Mei 2021–30 April 2022**

'This year period': Stel slegs periode 12 op, wat April (01/04/22 tot 30/04/22) is, en klik op OK.

'Last year's period': MOENIE verlede jaar se tydperke opstel nie.

1.1.7 Skep die volgende algemenegrootboekrekeninge. Gebruik die gegewe rekeningnommers en koppel elke rekening aan die korrekte finansiële en 'report writer'-kategorie.

REK.NR.	REKENINGBESKRYWING
5100	Teruggehoue verdienste (koppel aan die korrekte 'report writer'-kategorie en B15-teruggehoue-verdienste)
6000	Grond en geboue
6100	Toerusting
6100/010	Toerusting – Kosprys
6100/020	Toerusting – Geakkumuleerde depresiasie
6200	Voertuie
6200/010	Voertuie – Kosprys
6200/020	Voertuie – Geakkumuleerde depresiasie
7500	Handelsvoorraad
8000	Handelsdebiteure
8200	Voorsiening vir kredietverliese
8400	Bank **(Moenie aan kasboek koppel nie)**
8410	Kleinkas **(Moenie aan kasboek koppel nie)**
9000	Handelskrediteure
9200	BTW-kontrole: SAID
9500	Lening: KK Bank (11%)

Kopiereg voorbehou

1.1.8 Gebruik die algemene joernaal om die volgende saldo's aan die einde van periode 12, hierdie jaar, te verwerk. Gebruik **JA22** as verwysing en **Sluitingsaldo** as beskrywing.

REK.NR.	REKENINGBESKRYWING	SALDO'S 30-04-2022	
		DR	KR
5100	Teruggehoue verdienste	**R? Bereken**	
6000	Grond en geboue	R255 600	
6100/010	Toerusting – Kosprys	R65 000	
6100/020	Toerusting – Geakkumuleerde depresiasie		R12 700
6200/010	Voertuie – Kosprys	R101 000	
6200/020	Voertuie – Geakkumuleerde depresiasie		R22 900
7500	Handelsvoorraad	R156 200	
8000	Handelsdebiteure	R42 000	
8200	Voorsiening vir kredietverliese		R8 400
8400	Bank	R75 100	
8410	Kleinkas	R6 500	
9000	Handelskrediteure		R38 500
9200	BTW-kontrole: SAID		R16 300
9500	Lening: KK Bank (11%)		R40 000

1.1.9 Bring die algemene joernaal op datum met die algemene grootboek. (**Moenie uitdruk nie**)

1.1.10 Druk die proefbalans van DAR Skryfbehoeftes op 30 April 2022 uit.

Wys watter vergelyker – Verlede jaar
Sluit openingsaldo's in – Ja
Druk nul items uit – Ja
Druk eers balansstaatrekeninge uit – Ja (15)

1.2 1.2.1 Druk 'report writer'-kategorieinskrywings uit. (3)

1.2.2 Druk algemene grootboek se rekeninginskrywings vir TERUGGEHOUE VERDIENSTE en NIEBEDRYFSBATES uit.

Gebruik subrekeninge – Nee
Druk per finansiële kategorie uit – Ja (5)

1.3 1.3.1 Gebruik die 'Budget Assistant' om 'n begroting vir die BEDRYFSBATES- en BEDRYFSLASTE-rekeninge op te stel, periode 12 van volgende jaar.

1.3.2 Kopieer hierdie jaar se werklike syfers na volgende jaar se begroting.

1.3.3 Pas die begroting met 12% aan. Geen afronding nie.

1.3.4 Maak 'n uitdruk van die BEDRYFSBATES-EN-BEDRYFSLASTE-begroting vir periode 12 van volgende jaar.

Druk nul items uit – Ja (10)

1.4 1.4.1 Gebruik die 'Budget Assistant' om 'n JAARBEGROTING op te stel vir alle bedryfsbate- en -laste-rekeninge op 30 April 2022, vanjaar se periode 12.

1.4.2 Tik die individuele bedrae in as jaartotale wat gelyk in die 12 maande van die huidige jaar gedeel is. **(1 Mei 2021 tot 30 April 2022)**

REKENINGBESKRYWING	JAARTOTALE
Handelsvoorraad	R245 400
Handelsdebiteure	R95 000
Voorsiening vir kredietverliese	R13 600
Bank	R89 500
Kleinkas	R10 800
Handelskrediteure	R29 300
BTW-kontrole	R17 100
Lening: KK Bank @ 11%	R50 000

1.4.3 Druk die begroting vir ALLE BEDRYFSBATES- en -LASTE-rekeninge op 30 April 2022 uit, vanjaar se periode 12.

Druk nul items uit – Ja (12)

Kopiereg voorbehou

1.5 1.5.1 Gebruik die 'Report Writer Assistant' om 'n verslag oor die NETTO BEDRYFSBATES op te stel. **(Begin heel van vooraf met 'n nuwe verslag)**

Gebruik die volgende verslagformaat:
VERSLAGOPSKRIFTE

Lyn 1: NETTOBEDRYFSBATESVERSLAG
Lyn 2: Tik jou EKSAMENNOMMER in
Lyn 3: VIR DIE TYDPERK GEËINDIG OP #E

INDEKSBESKRYWING:	VERSLAG
VERSLAGTIPE:	Veelvuldige kolomme
AFRONDING:	Geen afronding
NOTAVERWYSINGSKOLOM:	Nee
LAAT STANDAARDOPSKRIFTE WEG:	Nee

Stoor die verslagopskrifte.

VERSLAGKOLOMME

KOL.	BEDRAG	TIPE	VANAF	TOT	OPSKRIF 1	OPSKRIF 2
1	Vanjaar	Vaste tydperke	12	12	Vanjaar	Werklik
2	Vanjaar se begroting	Vaste tydperke	1	12	Vanjaar	Begroot
3	Kolomvariansie	Bedragvariansie	1	2	Bedrag	Variansie
4	Toekomstige begroting	Vaste tydperke	12	12	Volgende jaar	Begroot
5	Kolomvariansie	Bedragvariansie	2	4	Bedrag	Variansie

Stoor die verslagkolomme.

VERSLAGLYNE

SK	PRT	DC	SUP	BESKRYWING	FORMULE	NR.	AKSIE
1	Y	D	N	BEDRYFSBATES			
2	Y	D	N		CB03	1	Voeg by
1	Y	D	N	_SC			
1	Y	D	N		TOT1	1	Voeg by
1	Y	D	N	_DC			
1	Y	C	N	BEDRYFSLASTE			
2	Y	C	N		CB05	2	Voeg by
1	Y	C	N	_SC			
1	Y	C	N		TOT2	2	Voeg by
1	Y	C	N	_DC			
1	Y	C	N	NETTO BEDRYFSBATES	CT03+CT05	3	Voeg by
1	Y	C	N	_DC			

Stoor die verslaglyne.

Kopiereg voorbehou

1.5.2 Gebruik die 'Report Writer Assistant' om die VERSLAG oor die NETTO BEDRYFSBATES van DAR Skryfbehoeftes **uit te druk** (geskep in VRAAG 1.5.1 met indeksbeskrywing VERSLAG, op 30 April 2022 met bedrae).

Wys geen lyne – Ja

HIERDIE VERSLAG MOET UITGEDRUK WORD IN PASTEL PARTNER.

MOENIE enige van die bestaande Pastel-verslae uitdruk nie – geen punte sal daarvoor toegeken word nie. DRUK JOU EIE VERSLAG UIT. (18)

1.5.3 Druk die verslagformaat 'VERSLAG' uit. (10)

1.6 1.6.1 Gebruik die 'Report Writer Assistant' om die verslag oor die netto bedryfsbates te **eksporteer (oor te dra)** na 'n **EXCEL-sigblad** (geskep in VRAAG 1.5.1 met indeksbeskrywing VERSLAG, op 30 April 2022 met bedrae).

Wys geen lyne – Ja
Eksporteer die kopskrifte van 'VERSLAG' – Ja

HIERDIE VERSLAG MOET GEDRUK WORD AS 'N EXCEL-SIGBLAD.

MOENIE enige van die bestaande Pastel-verslae uitdruk nie – geen punte sal daarvoor toegeken word nie. DRUK JOU EIE VERSLAG UIT.

1.6.2 Voer die volgende instruksies op 'n Excel-sigblad uit:

- Verstel kolombreedtes waar van toepassing.
- Skrap kolom B.
- Toon alle bedrae as syfers met TWEE desimale. (1)
- Redigeer die hoofopskrif soos volg:
  - Fontgrootte 16
  - Vetdruk en kursief (2)
- Toon die opskrifte BEDRYFSBATES en BEDRYFSLASTE in vetdruk. (2)
- Voeg enige netjiese horisontale en vertikale rante by. (1)
- Tik die volgende as kopskrif in: Jou EKSAMENNOMMER (links) en EXCEL-VERSLAG (middel). (1)

1.6.3 Druk die sigblad op een bladsy uit in portretformaat.

1.6.4 Stoor die sigblad as **My NET**.

[80]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B: EXCEL-SIGBLAD

VRAAG 2: FINANSIËLE TOEPASSINGS OP 'N SIGBLAD

Die volgende voorraaddata vir mobiele skandeerders verskyn in die boeke van Tech Mobility vir die maand geëindig op 31 Julie 2022.

Daar was 120 mobiele skandeerders teen R1 200 elk in voorraad op 1 Julie 2022 teen 'n gemiddelde prys van R950 elk.


Die volgende mobiele skandeerders is gedurende Julie 2022 aangekoop:

Dag	Aankope
4	100 mobiele skandeerders @ R1 300 elk
13	200 mobiele skandeerders @ R1 200 elk
20	230 mobiele skandeerders @ R1 280 elk
30	140 mobiele skandeerders @ R1 000 elk

Die volgende mobiele skandeerders is in Julie 2022 teen verkoopsprys, BTW ingesluit, verkoop:

Dag	Verkope
6	35 mobiele skandeerders @ R2 100 elk
9	50 mobiele skandeerders @ R1 800 elk
17	90 mobiele skandeerders @ R1 500 elk
31	150 mobiele skandeerders @ R1 300 elk

2.1 Gebruik die volgende opskrifte om 'n voorraadblad op te stel met behulp van die GEWEEGDE GEMIDDELDE WAARDASIEMETODE om die waarde van die bestaande voorraad te bepaal. Sentreer alle opskrifte vertikaal en horisontaal.



2.2 Gebruik toepaslike formules om die nodige berekenings te doen.

2.3 Voeg horisontale en vertikale lyne by om die gehalte van jou werk te verbeter.

2.4 Toon ALLE geldelike getalle as geldeenheid met TWEE desimale.

2.5 Tik die volgende as 'n kopskrif in: Jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 2 (regs).

2.6 Druk die sigblad op EEN bladsy in landskapformaat uit. Stoor dit as **Vraag 2**.

[30]

VRAAG 3: ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE

Die volgende rekeningsaldo's kom uit die finansiële state van TIC Chemicals vir die finansiële tydperke geëindig op 31 Augustus 2021 en 31 Augustus 2022.

SALDO'S VAN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	2021	2022
Eiendom en toerusting – netto drawaarde	R320 200	R351 000
Voorraad	R342 600	R258 100
Handelsdebiteure	R205 200	R277 900
Bedryfsbates	R? **Bereken**	R? **Bereken**
Eienaarsekwiteit: Kapitaal	R483 600	R529 600
Niebedryfslaste	R86 700	R92 480
Handelskrediteure	R? **Bereken**	R? **Bereken**
Totaal ekwiteit en laste	R868 000	R887 000

SALDO'S VAN OMVATTENDE INKOMSTESTAAT

	2021	2022
Netto verkoopsinkomste (25% krediet)	R480 000	R650 000
Bruto wins	R198 000	R215 000
Bedryfsuitgawes	R139 800	R148 400
Ander inkomste	R11 850	R12 170

3.1 **INSTRUKSIES:**

Gebruik die inligting hier bo om die volgende te bereken vir die finansiële jaar geëindig op 31 Augustus 2022:

3.1.1 Voorraadomsetkoers (toon antwoord as HEELGETAL). (7)

3.1.2 Bruto winspersentasie (toon antwoord as persentasie, afgerond tot EEN desimaal) (4)

3.1.3 Netto winspersentasie (toon antwoord as persentasie, afgerond tot TWEE desimale) (8)

3.1.4 Bedryfsverhouding (toon antwoord afgerond tot EEN desimaal) (10)

3.2 Begin elke berekening met 'n toepaslike rekeningkundige formule. Punte sal toegeken word vir ALLE berekenings.

3.3 Laat reëls oop tussen die berekenings.

3.4 Tik die volgende in as 'n kopskrif: Jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 3 (middel). (1)

Kopiereg voorbehou

3.5 Voeg enige netjiese rante by om die voorkoms van jou werk te verbeter.

3.6 Druk die sigblad op EEN bladsy in portretformaat uit. Stoor dit as **Vraag 3**.

[30]

VRAAG 4: BASIESE KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDIGE TOEPASSINGS

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Nu-World Industries, staalkabinetvervaardigers, vir die maand geëindig op 31 Mei 2022.

4.1 Gebruik die volgende formaat om die VERVAARDIGINGSKOSTEVERSLAG van Nu-World Industries op te stel vir die maand geëindig op 31 Mei 2022.

VERVAARDIGINGSKOSTEVERSLAG VIR DIE MAAND GEËINDIG OP 31 MEI 2022

	EENHEIDS-KOSTE	EEN-HEDE	TOTALE KOSTE
Saldo van grondstowwe (1 Mei)	**?**	2 600	**?**
Plus: Voorraadaankope	**?**	6 900	**?**
Beskikbare grondstowwe		**?**	**?**
Minus: Saldo van grondstowwe (31 Mei)	**?**	1 780	**?**
Koste van gebruikte grondstowwe			**?**
Plus: Direkte arbeid @ R44 per uur	**?**	600	**?**
Primêre koste			**?**
Plus: Oorhoofse fabriekskostes	**?**	17 200	**?**
Koste van vervaardigde goedere			**?**
Plus: Werk aan die gang (1 Mei)	257	380	**?**
Minus: Werk aan die gang (31 Mei)	196	295	**?**
Koste van voltooide goedere	**?**	7 720	**?**

EKSTRA INLIGTING:

- Aankoopprys van grondstowwe per eenheid was R186.
- Eenheidskoste van grondstofsaldo's was R123 op 1 Mei en R118 op 31 Mei.
- Oorhoofse fabriekskostes word bereken teen R25 per masjienuur.

4.2 **INSTRUKSIES**

4.2.1 Gebruik toepaslike formules om die korrekte bedrae te bereken van die items wat met vraagtekens gemerk is. Voeg netjiese lyne by om die gehalte van jou sigblad te verbeter.

4.2.2 Tik die volgende as kopskrif in: Jou EKSAMENNOMMER (middel) en VRAAG 4 (regs).

4.2.3 Toon alle bedrae as geldeenheid met GEEN desimale nie.

4.2.4 Druk die sigblad op EEN bladsy in portretformaat uit en stoor dit as **Nu-World**. (25)

4.2.5 Druk die FORMULEBLAD uit waarop die ry- en kolomopskrifte duidelik aangetoon word. Verander die kopskrif (regs) na FORMULEDRUKSTUK. Stoor dit as **Vraag 4**. (5)

[30]

VRAAG 5: FINANSIËLESTAATTOEPASSINGS

Hier onder is die grootboeksaldo's van Orit Spesialiste se rekeningkundige rekords vir die finansiële jaar geëindig op 30 Junie 2022.

LYS VAN GROOTBOEKREKENINGE VANAF DIE MAATSKAPPY SE BOEKHOUER SOOS OP 30 JUNIE 2022	
	R
Aankope met vervoerkoste	895
Verkope met vervoerkoste	1 050
Kaskontant	400
Sluitingsvoorraad	68 500
Kommissie-inkomste	4 300
Doeanebelasting	385
Voertuigdepresiasie	1 234
Onttrekkings	50 000
Toerusting teen koste	45 365
Grond en geboue teen koste	75 458
Openingsvoorraad	80 478
Verpakkingsmateriaal	860
Kleinkas	50 111
Huur ontvang	12 500
Salarisse	300 000
Verkoopsinkomste	780 023
Verkoopsinkomste teruggebring	13 000
Voorraadaankope	95 200
Telefoon en faks	1 300
Voertuie teen koste	95 235
Lone	12 000
Water en elektrisiteit	1 400

5.1.1 Die volgende transaksies is NIE in berekening gebring vir die gegewe saldo's NIE:

Kommissie vir Junie 2022 nog nie ontvang nie	R450
Huur vir Julie 2022 reeds ontvang	R6 200
Salarisse vir Julie 2022 reeds betaal	R7 410
Lone vir Junie 2022 nog nie betaal nie	R800

5.1.2 Stel Orit se STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE op vir die jaar geëindig op 30 Junie 2022. **(Gebruik die toepaslike formaat.)** Maak jou opskrif vetdruk, onderstreep dit, kombineer en sentreer dit oor die sigblad.

5.1.3 Voeg enige netjiese horisontale en vertikale lyne by.

5.1.4 Toon bedrae as geldeenheid met TWEE desimale.

5.1.5 Tik die volgende as 'n kopskrif in: Jou EKSAMENNOMMER (links) en VRAAG 5 (regs).

5.1.6 Druk die sigblad op EEN bladsy in portretformaat uit en stoor dit as **Vraag 5**.

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou